Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

Algemene Regulasies en Reëls van die Universiteit van Pretoria en die Woordverklarings.

Algemene Reëls

Rookbeleid (insluitend personeel en besoekers)

In die belang van die skepping van 'n aangename en gesonde werksomgewing en in ’n poging om die belange van rokers en nie-rokers te balanseer, word die volgende rookbeleid neergelê.

Die volgende areas word ingevolge bestaande statutêre maatreëls as nie-rookareas geklassifiseer:

- Enige area waar daar 'n moontlike brand- en of veiligheidsrisiko is en wat as sodanig aangedui word.
- Enige perseel waar voedsel geberg, vervaardig, voorberei, hanteer, verkoop of bedien word.
- Alle binnenshuise areas.

Daar word van alle personeellede en besoekers verwag om aan die bepalings van die beleid te voldoen. Hierdie beleid kan van tyd tot tyd hersien word na aanleiding van moontlike statutêre ontwikkelinge.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.